

'n STRYD TEEN ONGELETERDHEID.

(Indië 1911 tot 1936).

1. Beleidsverklarings, lei nie tot aksie nie.

Kort na die koninklike besoek aan Indië is op 21 April 1913 'n beleidsverklaring uitgevaardig. Hierdie verklaring het alle aspekte van die onderwys in Indië ingesluit. Spesiale klem is gelê op die vorming van die karakter, godsdiensonderrig, die voorsiening van koshuise onder deeglike toesig, skoolgesondheid en die uitbreiding van die leerplan deur die insluiting van hande-arbeid en ander vorms van praktiese werk. (1)

'n Tweede verklaring het gevolg op 19 September 1916. Hierin is veral aandag gegee aan die pligte en funksies van lokale liggame. Die beginsel is ook aangeneem dat die aktiwiteite van hierdie liggame veral beperk moes wees tot laeronderwys. (2)

In 1919 het die Indiese regering die onderwys toevertrou aan die provinsies. Ministers van onderwys sou verantwoordelik wees aan provinsiale wetgewende liggame. (3)

Tussen 1920 en 1936 is verskillende distriksrade, skoolrade en -komitees in die lewe geroep in ooreenstemming met die beleid van die desentralisasie van die kontrole. So het die laeronderwyswet van Madras (1920), distriksonderwys-

rade in die lewe geroep wat veral adviserende pligte gehad het. (4) Die gevolg van hierdie beleid was: "The amateur in education ran amuck and the professional looked on helpless - his advice not asked for or required." (5)

Verskillende konferensies is ook van tyd tot tyd gehou om die onderwys te bespreek. (6) Al hierdie verklarings en konferensies het egter nie veel uitgerig nie. Die verslag

(1) India: Progress of Education in India; 1912-1917. Volume 1; 13.

(2) t.a.p.; 49.

(3) India: P. of Educ. in I., 1917-1922. Volume 1; 1.

(4) India: P. of Educ. in I., 1922-1927. Volume 1; 47.

(5) India: Education in I. in 1934-1935; 18-19.

(6) India: Progress of Education in India, 1922-1927. Volume 1; 21.

is a determined effort to ¹³²do something about it and not merely to talk." ⁽¹⁾

Weens ekonomiese redes is die "Central Advisory Board of Education" in 1923 afgeskaf. Hierdie "Board" het as 'n sentrale k^o-ordinerende liggaam waardevolle werk verrig. Die behoefte aan 'n dergelike liggaam het egter deurgaans baie sterk gebly en in Augustus 1935 is die "Board" weer in die lewe geroep. ⁽²⁾

2. Die stryd teen ongeletterdheid geskied veral op die gebied van laeronderwys

(a) Die groei van die aantal skole en leerlinge.

Die stryd teen ongeletterdheid word veral op die gebied van laeronderwys gevoer. In 1917 het 6,748,101 leerlinge in Indië laeronderwys ontvang; d.i. 2.8% van die bevolking. (4.5% van die manlike en 0.95% van die vroulike bevolking.) ⁽³⁾ In 1936 was dit in erkende inrigtings 4.83% (seuns 7.31%, meisies 2.18%), en in alle inrigtings 5.09% (seuns 7.72%, meisies 2.29%). ⁽⁴⁾ Die persentasie wat die leerlinge uitgemaak het van die totale bevolking was soos volg in die betrokke provinsies in 1916: Madras 4.01%, Bombaai 3.9% en Bengale 4.2%. ⁽⁵⁾

In Indië was die volgende persentasie van die seuns van skoolgaande ouderdom vir die jare genoem op skool: ⁽⁷⁾ 1917, 34.6%; 1922, 36.0%; 1927, 49.4% ⁽⁶⁾ en in 1936, 51.0%. Vir die betrokke provinsies was dit in 1927: Bengale 55.4%, Bombaai 63.1% en Madras 65.5%. ⁽⁸⁾

(1) India: Education in India in 1935-1936; 2.

(2) t.a.p.; 1.

(3) India: Progress of Education in India 1912-1917. Volume 1; 24.

(4) India: Education in India in 1932-1933; 88.

(5) India: Progress of Education in India 1912-1917, Volume 1; 19.

(6) India: Progress of Education in India 1922-1927. Volume 1; 120.

(7) India: Education in India in 1935-1936; 37.

(8) India: Progress of Education in India, 1922-1927, Volume 1; 120.

Madras en Bombaai is 2e en 3e geplaas in dāe lys van provinsies wat die verste gevorder het met verpligte onderwys, en hier was die volgende persentasie van die manlike bevolking in 1922 en 1927 op skool:

Tabel 33.

Persentasie van die manlike bevolking op skool:
Madras en Bombaai - 1922 en 1927.

	<u>Erkende Inrigtings</u>		<u>Alle Inrigtings</u>	
	<u>1922</u>	<u>1927</u>	<u>1922</u>	<u>1927</u>
Madras	6.6	9.2	7.0	9.5.
Bombaai	7.1	8.9	7.8	9.1 (1)

Die probleem van massa-opvoeding in Indië is veral 'n landelike probleem. Daar is ongeveer 500,000 kleinere dorpe en dorpies in Brits-Indië en in 1912 was daar een skool vir elke 5.3. dorpies. In 1927 was daar een skool vir elke 3.1 dorpies. ⁽²⁾ In 1927 het net 12.9% van 'n bevolking van 247 miljoen in grotere dorpe en stede gewoon. ⁽³⁾

Alhoewel verskillende pogings aangewend is om die skole by die platteland te laat aanpas deur 'n praktiese opleiding, die insluiting van landbou as vak en die oprigting van spesiale skole, tog rapporteer Madras nog in 1927 dat sukses nog nie behaal is nie. ⁽⁴⁾ Spesiale aandag is ook van sendingkant aan landelike onderwys gewy. So het hulle in 1916 die Fraser-komissie aangestel om die toestand en probleme te ondersoek en daaroor rapport te doen. ⁽⁵⁾

In 1921 was daar gemiddeld 1 laerskool vir elke 109 seuns van skoolgaande ouderdom (6-11jr.), ⁽⁶⁾ en ongeveer 60% van die

(1) India: Progress of Education in India, 1922-1927. Volume 1; 121.

(2) t.a.p.; 120.

(3) Indian Statutory Commission: Review of Growth of Education in British India; 37.

(4) India: Progress of Education in India, 1922-1927, Volume 1; 143-146.

(5) Fraser-Commission: Village Education in India.

(6) Indian Statutory Commission: Review of Growth of Education in British India; 51.

134.
laerskole was een-onderwyserskole. (1)

Die groei van die aantal laerskole en die aantal leerlinge tussen 1911 en 1932 kan soos volg opgesom word:

Tabel 34.

Leerlinge en Skole 1911-1932. (Indië).

1912		1917		1922	
Skole	Leerlinge	Skole	Leerlinge	Skole	Leerlinge.
110,692	4,522,648	124,081	5,188,411	137,437	5,543,437
1927		1932			
Skole	Leerlinge	Skole	Leerlinge		
162,666	7,290,546	168,835	8,155,647		
(2)		(3)			

Daar is veral 'n vinnige groei tussen 1922 en 1927.

(b) Die nadelige uitwerking van die verskynsels
van uitsakking en vertraging.

Die volgende inskrywingstabel toon die uitsakking vir seuns en meisies in Indië vir die jare 1927-1931:

Tabel 35.

Uitsakking: Laeronderwys 1927-1931. (Indië)

Klas	1927	1928	1929	1930	1931
I	5,281,964	5,406,913	5,563,353	5,661,836	5,266,579
II	1,639,053	1,858,236	1,983,936	1,952,088	2,124,478
III	1,131,626	1,243,619	1,315,060	1,367,470	1,481,090
IV	767,921	803,155	857,409	899,619	998,097
	(4)	(5)	(6)	(7)	

Uit die totaal van 5,281,964 in Klas I in 1927 het net 899,619 Klas IV in 1930 bereik (d.i. 17.0%). Uit die totaal van 5,406,913 in klas I in 1928 het net 998,097 klas IV bereik in 1931. (d.i. 18.5%).

Vir seuns alleen was die inskrywing vir die jare 1932-1936 soos volg:-

- (1) Indian Statutory Commission: Review of Growth of Education in India; 60.
- (2) India: Progress of Education in India. 1922-1927. Volume I; 114.
- (3) India: Progress of Education in India. 1927-1932; Volume II; 115, 118.
- (4) India: Indian Education in 1927-1928; 25.
- (5) India: Indian Education in 1928-1929; 28.
- (6) India: Indian Education in 1929-1930; 28.
- (7) India: Indian Education in 1930-1931; 29.

Inskrywing: Seuns, 1931-1936. (Indië)

Klas	1931/32	1932/33	1933/34	1934/35
I	3,871,186	3,816,386	3,858,077	3,725,094
II	1,709,608	1,682,073	1,704,665	1,743,329
III	1,249,351	1,265,876	1,291,527	1,354,500
IV	882,653	893,753	918,333	1,017,230
V	557,693	563,640	577,301	616,301
	(1)	(2)	(3)	(4)

Uit die totaal van 3,871,186 wat in 1932 in klas I was het 643,175 in 1936 klas V bereik. (d.i. 16.6%)

In die betrokke provinsies was die uitsakking soos volg vir die jare 1929 tot 1933:

Tabel 37.Uitsakking in die provinsies, 1929-1933. (Indië)

Aantal Leerlinge			Persentasie.		
Klas I	Klas IV	Klas V	Klas I	Klas IV	Klas V
1928/29	1931/32	1932/33	1928/29	1931/32	1932/33
Madras.					
937,911	245,341	102,846	100	26	11
Bombai.					
277,617	112,400	99,409	100	40	36
Bengale.					
913,916	118,771	95,916	100	13	10

Die Uitsakking is baie groot in Bengale, want 13 uit elke 100 bereik maar klas IV.

Die persentasie uitsakking vir die hele Indië tussen 1917 en 1936 was soos volg:

Tabel 38.Persentasie uitsakking in Indië 1917-1936:

- (1) India: Progress of Education in India, 1927-1932. Volume II; 28.
- (2) India: Education in India in 1932-1933; 30.
- (3) India: Education in India in 1933-1934; 36.
- (4) India: Education in India in 1934-1935; 38.

Jaar.	Klas I	Klas IV.	Klas V.
1917-1921	100	22	13
1923-1927	100	19	11
1928-1932	100	21	13
1929-1933	100	21	14 (1)
1930-1934	100	21	13 (2)
1931-1935	100	26	- (3)
1932-1936	100	27	16.6 (4)

Bengale is dus nog laer as enige gemiddelde vir hierdie periode vir die hele Indië.

As redes vir hierdie groot mate van vertraging is aangegee:

- (i) Ongereelde skoolbesoek van onderwysers en leerlinge.
- (2) Swak onderrig.
- (iii) Skaarste aan opgeleide onderwysers.
- (iv) Swak salarisse van onderwysers.
- (v) Ongeskikte skoolure.
- (vi) Geen verpligte skoolbesoek.
- (vii) Die baie een-onderwyserskole.
- (viii) Ekonomiese en sosiale toestande onder die agterlikes en landbouersklasse. (5)
- (ix) Verskillende heersende siektes.
- (x) Die praktyk om leerling enige tyd van die jaar toe te laat.
- (xi) Omdat die laagste klasse toevertrou is aan die onderwysers met die swakste kwalifikasies. (6)
- (c) Vereenvoudigde leerplanne en die eksamens aan die einde van die laerskool-periode...

Daar bestaan 'n neiging in Indië om die aantal vakke te verminder. Die strewe is om 'n grondige onderrig in lees, skryf en rekene te gee, aangevul deur nuttige informasie van 'n lokale aard. (7)

- (1) India: Education in India in 1932-1933; 33.
- (2) India: Education in India in 1933-1934; 40.
- (3) India: Education in India in 1934-1935; 42.
- (4) India: Education in India in 1935-1936; 38.
- (5) India: Progress of Education in India, Volume I; 128
- (6) India: Education in India in 1932-1933; 33.
- (7) Mayhew: The Education of India; 246.

Die „Calcutta University Commission" was egter van oordeel dat die leerplan uitgebrei moes word. (1)

Die laerskool is met die volgende eksamens afgesluit.

- (i) 'n Mondelinge toets van 'n informele aard, deur die inspekteur afgeneem. 'n Sertifikaat is soms hiervoor toegeken.
- (ii) Die volle moedertaalkurses is in sommige provinsies afgesluit met 'n meer formele eksamen, genoem die middel-moedertaal of finale moedertaal-eksamen. In Bombaai het hierdie sertifikaat die houer instaat gestel om as onderwyser vir laerskole gekies te word. (2)
- (iii) Beurseksamens. (2)

3. Die Onderwys van die leidende Klasse: Die toestand van Middelbare Onderwys

Daar het verskillende soorte skole bestaan wat na-primêre onderwys verskaf het. Daar was die middel-Engelse-, die middel-moedertaal- en die hoërskole. Die middel-Engelse skool het na 'n hoër stadium van onderrig gelei, maar die skeidslyn tussen die middel-en hoër stadia het gevarieër in die verskillende provinsies. In 7 provinsies het die middel- en hoërafdelings saam 6 jaar geneem. (3)
In 2 provinsies was dit 7 jaar.

In die moedertaalskole was Engels 'n opsionele vak, maar in die Anglo-moedertaalskole was dit verpligtend en ook die voertaal. (4) Vir die deel van die leerlinge wat nie na universiteit gaan nie, is geen beroepsopleiding verskaf nie. (5)

Die volgende eksamens is afgeneem:

- (i) Die matrikulasie van die universiteit.
- (ii) Skooleind-eksamens wat wel of nie as toelating tot die universiteit kon dien. (6)
- (iii) Ander eksamens soos handelseksamens.

Reeds in 1922 was snelskrif, tikskrif en boekhouingesluit onder die alternatiewe vakke vir die skool-eind-eksamen. (7)

- (1) Report: Calcutta University Commission; Volume IV; 10
- (2) India: Progress of Ed. in India, 1912-1917; Volume I; 118.
- (3) Indian Statutory Commission: Review of Growth of Education; 90.
- (4) t.a.p.; 91.
- (5) Report; Calcutta University Commission. Volume 1; 337.
- (6) India: Progress of Education in India. 1912-1917. Volume I; 93.
- (7) India: Progress of Education in India. 1917-1922. Volume 1; 188.

Volgens die eksamen-uitslae in 1916 was die persentasie geslaagdes laag. Die volgende tabel bevat die uitslae in die genoemde provinsies:

Tabel 39.

Middelbare uitslae in provinsies 1917. (Indië)

Matrikulasie.		Skooleindeksamen.	
Kandidate	Geslaag	Kandidate	Geslaag
Madras 13	1	5437	5434
Bombaa 13,941	1370	1168	529
Beng. 11.575	8414	-	-

(1)

Alhoewel die kandidate dit moeilik gevind het om in die eksamen te slaag, was die standaard van die eksamen ook laag. Baie gematrikuleerdes was onbevoeg vir universitêre werk. (2)

Die metodes van onderwys was egter van so 'n aard dat die leerlinge in werklikheid nie veel op skool geleer het nie. Byna elke leerling het 'n privaat onderwyser gehad. Die wat dit nie gehad het nie was "hopelose agterbankers" wat nie getel het nie. (3)

4. Onbevredigende diensvoorwaardes en swak kwalifikasies van die onderwysers, vertraag die vordering....

(a) Laerskole.

Die volgende tabel toon die persentasie opgeleide onderwysers in alle laerskole in die betrokke provinsies in die jare genoem:

Tabel 40.

Persentasie opgeleide laerskoolonderwysers in die provinsies. (Indië)

	1912	1918	1932	1934	1936
Madras	39.5	39.3	59.4	65.6	68.9
Bombaa	30.2	35.5	46.8	48.2	48.0
Bengale	12.4	16.5	28.1	29.7	32.1

(4)

(5)

(6)

(7)

Die persentasie in Bengale is besonder laag. Meer as die helfte van die onderwysers in laerskole was in 1927 nog nie opgelei nie, en die wat wel opgelei was se kwalifikasies was besonder laag. Die diensvoorwaardes kon

- (1) India: Progress of Education in India in 1912-1917, Volume I; 95.

- (2) Report: Calcutta University Commission. Volume I; 237-238.

- (3) India: Progress of Education in India, 1912-1917. Volume I; 99.

- (4) t.a.p.; 156.

- (5) India: Education in India in 1932-1933; 31

- (6) India: Education in India in 1933-1934; 37

- (7) India: Education in India in 1935-1936; 35.

139.
 ook geen belowende studente trek nie. (1) Alleen in Assam
 is pogings aangewend om onderwysers vir die 60% een-on-
 derwyserskole op te lei. (2)

Die kursusse in die Opleidingsinriginge het afgehang
 van die kwalifikasies van die studente. Waar die kwa-
 lifikasies laag was, is feitlik al die tyd bestee aan die
 uitbreiding van hulle algemene kennis. (3)

Die salarisse van onderwysers was laag in sommige
 provinsies. Die verslag vir 1936 het die toestand soos
 volg omskrywe: "In certain provinces, notably Bengal, the
 wages of primary school teachers are less than those of a
 coolie, a sweeper or any other similarly low-paid menial
 The state of affairs in the other provinces, with the single
 exception of Bombay, is little better." (4)

(b) Middelbare skole.

In Indië was in 1917 net 37.4% van die onderwysers in
 middelbare skole opgelei. (5) In 1922 was dit 43% en in 1927
 net 50%. Die persentasie opgeleide onderwysers was soos
 volg in die volgende provinsies in 1927: Madras 78.3%,
 Bombaai 19.7%, Bengale 18.7%. (6)

Vir die jare 1932-1936 was die persentasie opgeleide
 onderwysers in middelbare skole vir seuns soos volg:

Tabel 41.

Persentasie opgeleide onderwysers in Middelbare skole
 vir Seuns. (Indië)

	1932	1933	1934	1935	1936
Madras	81.6	81.9	82.9	83.9	94.2
Bombaai	17.6	18.3	19.2	20.3	21.3
Bengale	19.7	18.9	19.5	19.8	19.8

(7) (8) (9) (10)

(provinsies)

Madras het dus baie beter gevorder as die ander

- (1) I. Statutory Commission: Review of Growth of Edu-
 cation in British India; 66-68.
- (2) India: Progress of Education in India. 1917-1922.
 Volume 1; 150.
- (3) t.a.p.; 149.
- (4) India: Education in India in 1935-1936; 42.
- (5) Indian Statutory Commission: Review of Growth of
 Education in British India; 116.
- (6) India: Progress of Education in India 1922-1927
 Volume 1; 97.
- (7) India: Education in India in 1932-1933; 21.
- (8) India: Education in India in 1933-1934; 27.
- (9) India: Education in India in 1934-1935; 27.
- (10) India: Education in India in 1935-1936; 27.

Bengale het in 1916 onderwysers opgelei vir 'n "Bachelor of Teaching" (B.T.) en 'n "Licence in Teaching"-sertifikaat. Die volgende teoretiese vakke is voorgeskryf:- (i) Teorie en praktyk van onderwys, (ii) metode van onderwys, (iii) 'n gekeurde skrywer of klassieke, (iv) die geskiedenis van die opvoedkundige idees en metodes (vir die graad), en 'n gekeurde kursus in moderne Engelse prosa of poësie (vir die lisensie) ⁽¹⁾

In Bengale is in 1917 nog geen verskil gemaak tussen die salarisse van opgeleide en onopgeleide onderwysers nie. ⁽²⁾ In 1936 is nog melding gemaak van die swak salarisse wat die onderwysers in die meeste gevalle ontvang het. ⁽³⁾

(c) Onderwyseresse.

Die persentasie opgeleide onderwyseresse was soos volg in die provinsies vir die jare 1932 tot 1936:

Tabel 42.

Persentasie opgeleide onderwyseresse in die provinsies, 1932-1936. (Indië)

(i) Middelbare skole:

	1932	1933	1934	1935	1936
Madras	85.1	86.9	87.3	87.5	88.6
Bombaai	44.0	46.2	45.0	49.8	48.3
Bengale	52.3	53.4	49.4	45.6	46.2
	(4)	(5)	(6)	(7)	

(ii) Laerskole:

	1932	1933	1934	1935	1936
Madras	75.9	79.4	82.3	84.1	84.6
Bombaai	51.9	50.3	50.1	50.5	49.0
Bengale	11.8	10.3	10.7	10.6	12.2
	(8)	(9)	(10)	(11)	

Bengale staan ver agter veral wat laerskole betref.

- (1) Report: Calcutta University Commission, Volume III; 4-5.
 (2) t.a.p.; 20.
 (3) India: Education in India in 1935-1936.; 32.
 (4) India: Education in India in 1932-1933.; 51.
 (5) India: Education in India in 1933-1934.; 59.
 (6) India: Education in India in 1934-1935.; 67.
 (7) India: Education in India in 1935-1936.; 67.
 (8) India: Education in India in 1932-1933.; 45.
 (9) India: Education in India in 1933-1934.; 55.
 (10) India: Education in India in 1934-1935.; 59.
 (11) India: Education in India in 1935-1936.; 59.

40% van die totale aantal meisies wat opleiding ontvang het, was in Madras. ⁽¹⁾ 49.5% van die onderwyseresse in alle skole was in 1927 opgelei. In laerskole alleen was 45% opgelei. ⁽²⁾

5. Opmerklike vordering met die onderwys van meisies
 (a) Vermeerdering van die aantal leerlinge.....

In hierdie periode is daar 'n opmerklike toename in die aantal meisies wat skool besoek het. In 1912 was 76% van die vroulike bevolking op skool. In 1917 was dit 1.03% ⁽³⁾ en in 1932 1.89%. ⁽⁴⁾ Die volgende persentasie van die vroulike bevolking van skoolgaande ouderdom in die provinsies, was in 1927 in erkende inrigtings: Madras 17.5%, Bombaai 16.8%, Bengale 13.2%. ⁽⁵⁾ In alle inrigtings was die persentasies van die vroulike bevolking op skool soos volg: Madras 2.5%, Bombaai 2.4%, Bengale 1.9%. ⁽⁶⁾

In 1935 was die meisies persentasie-gewys soos volg versprei oor die verskillende stadia van ontwikkeling: Laer = 94.4%, middelbaar = 4.4%, intermediêr = .10%, universitêr = .05%. ⁽⁷⁾ In 1936 was die meisies soos volg versprei oor die laerskool: Klas I = 58%, klas II = 18%, klas III = 12%, klas IV = 8%, klas V = 4%. ⁽⁸⁾

Daar was in 1916 net 1% van die vroulike bevolking getletterd. ⁽⁹⁾ Lig word egter geworp op die agterlike toestand van die onderwys van meisies as in aanmerking geneem word dat vroeë huwelike nie 'n seldsaamheid is in Indië nie. In 1921 was 8½ miljoen meisies onder 15 jaar getroud. Vir onder 10 jaar was dit 2,230,000. ⁽¹⁰⁾

(1) India: Progress of Education in India 1922-1927. Volume I; 183.

(2) Indian Statutory Commission: Review of Growth of Education in British India; 176, 178.

(3) India: Progress of Education in India 1912-1917. Volume I; 173.

(4) India: Progress of Education in India in 1927-1932, Volume II; 3.

(5) India: Progress of Education in India 1922-1927. Volume I; 156.

(6) t.a.p.; 184.

(7) India: Education in India in 1934-1935.; 60.

(8) India: Education in India in 1935-1936.; 60.

(9) India: Progress of Education in India. 1912-1917. Volume I; 7.

(10) Indian Statutory Commission; Review of Growth of Education in British India. 152-153.

In 1922 was daar 16⁴⁴ inrigtings vir meisies met 131,3 leerlinge onder die beheer van senningsgenootskappe. (1) In 1936 was daar 19,433 een-onderwyserskole net vir meisies. (2)

(b) Die invloed van vertraging en uitsakking.

Die volgende tabel toon die persentasie meisies in die verskillende klasse, 1929-1936:

Tabel 43.

Persentasie meisies in die verskillende klasse, 1929-1936. (Indië)

	1929	1930	1931	1932	1933	1934	1935	1936
Klas I	100	100		100	100			
IV				10	11		13	14
V					6	6		

(3)

Uit 'n 100 in klas I in 1929 het slegs 10 klas IV in 1932 bereik en 6 klas V in 1933. Hierdie tragiese verskynsel word nóg vererger deur die swak skoolbesoek. In 1917 was die gemiddelde skoolbesoek 76.1%, in 1927, 76.5%. In Bombaai was dit 68.7%. (4)

(c) Die Ko-edukasie van seuns en meisies.

Die persentasie meisies in seunsskole was soos volg vir die jare genoem:

Tabel 44.

Persentasie meisies in seunsskole 1902-1936 (Indië)

	1902	1912	1922	1932	1936
Persentasie	44.7	42.8	37.7	38.4	42.0

(5)

In 1922 was die persentasie in die provinsies soos volg: Madras - 52.1%, Bombaai - 36.4%, Bengale - 16.5%. In 1927 was dit Madras - 55.5%, Bombaai - 33.9%, Bengale - 14.4%. (6)

In 1936 was daar 1,114,017 meisies in erkende laerskole vir seuns en 49,808 in nie-erkende laerskole. (7) Ko-edukasie is dus feitlik beperk tot laeronderwys en dan ook wel tot die laagste klasse. Die teenstand is egter

(1) India: Progress of Education in India. 1917-1922. Volume I; 129

(2) India: Education in India in 1935-1936; 63.

(3) India: Progress of Education in India. 1927-1932, Volume II; 69.

(4) India: Progress of Education in India. 1922-1927. Volume I; 157.

(5) India: Education in India in 1936-1935, 53. Vgl. ook: Progress of Educ. 1927-1932, Vol. II; 48.

(6) India: Progress of Education in India. 1922-1927., Volume I; 155.

(7) India: Education in India in 1935-1936; 54-55.

besig om te verslap.⁽¹⁾^{143.} Reeds in die verslag van 1927 is vermeld: "Female education has by now gone through all the stages - total apathy and indifference, ridicule, criticism and acceptance."⁽²⁾

(d) Die leerplan aangepas by die behoeftes van die meisies.

In verskillende provinsies is reeds pogings aangewend om die leerplan aan te pas by die behoeftes van die meisies en plaaslike toestande. So word vakke soos die volgende in laerskole aangebied: Weef, mandjies-maak, kant- en borduurwerk, naaldwerk, huisvlyt, Eerstehulp, kook- en huishoudkunde, tuinbou.⁽³⁾ Tekene, kleremakery, sang, teorie van musiek is reeds in die middelbare leerplan ingesluit.⁽⁴⁾

6. Pogings om die onderwys van spesiale gemeenskappe te bevorder.

- (a) Mohammedane.
(i) Leerlinge op skool.

Deur middel van "aparte" inrigting~~en~~^s en "spesiale" skole poog die owerheid en die Mohammedane self om in hulle behoeftes te voorsien.⁽⁵⁾

In 1936 was 2,315,062 uit 'n totaal van 2,846,998 seuns in die laagste klasse. 173,426 was in nie-erkende inrigtings. Van die meisies was 681,968 uit 'n totaal van 775,740 in die laagste klasse en 80,838 in nie-erkende inrigtings.⁽⁶⁾

In 1917 was 6.6% van die bevolking~~van~~ Madras Mohammedane en hulle het 11.1% van die leerlinge op skool gehad. In Bombaai het hulle 19.2% van die leerlinge op skool gehad en was hulle 20.4% van die bevolking. 52.7% van die inwoners van Bengale was Mohammedane en hulle het daar 45% van die leerlinge op skool gehad.⁽⁷⁾

- (1) Indian Statutory Commission; Review of Growth of Education in British India.; 168-169.
(2) India: Progress of Education in India 1922-1927; Volume I; 171.
(3) t.a.p., 162-163.
(4) Mayhew: The Education of India; 273.
(5) Indian Statutory Commission: Review of Growth of Education in British India; 193-196.
(6) India: Education in India in 1935-1936.; 78, 81
(7) India: Progress of Education in India 1912-1917; Volume I; 197.

(ii) Die invloed van vertraging en uitsakking.

Alhoewel Mohammedaanse leerlinge in getalle toegeneem het, was hulle veral in die laagste klasse en het hulle baie vinniger verdwyn as die ander groepe. So het net 17% van die seuns wat in 1932 in klas I was, klas IV in 1935 bereik, en net 10% klas V in 1936. In die geval van die meisies is die posisie nog hagliker. 5.7% van die wat in 1932 in klas I was het klas IV in 1935 bereik en net 2.8% klas V in 1936.⁽¹⁾ In 1927 was 35.5% van die totale aantal meisies in klas I, Mohammedane en in klas V het hulle 8.8% van die totaal gevorm.⁽²⁾

In 1927 was 16% van die totale aantal leerlinge in die middel-stadium Mohammedane. In die hoër-stadium was die persentasie 13.5% en op Universiteit 13%.⁽³⁾

(b) Agterlike- en onderdrukte klasse.

Die volgende tabel toon die aantal inwoners (onderdrukte en agterlikes) in die provinsies asook die persentasie wat skool besoek het in 1917 en 1927: (Vir 1917 word die drie goepe onderskei):

Tabel 45.

Persentasie Onderdrukte op skool, 1917 en 1927. (Indië)

		1 9 1 7			1927
	Bevolking: in miljoene	Oer-Inwoners	Onderdrukte	Kriminele Stamme	
Madras	6.50	0.61%	2.13%	2.68%	3.5%
Bombai	1.75	1.68%	1.87%	0.11%	3.4%
Bengale	6.75	2.18%	1.20%	0.06%	5.1%

(4)

(5)

Die groei in die inskrywing van die onderdrukte is toegeskryf aan die afskaffing van heelwat van die spesiale skole en die toekenning van meer beurse aan onderdrukte in die gewone skole.⁽⁶⁾ In 1927 was daar egter nog net 1 meisie

- (1) India: Education in India in 1935-1936. 79, 82.
- (2) Indian Statutory Commission: Review of Growth of Education in British India; 193-196.
- (3) t.a.p.; 188.
- (4) India: Progress of Education in India in 1912-1917. Volume I; 204-205.
- (5) India: Progress of Education in India. 1922-1927. Volume I; 244.
- (6) India: Education in India in 1933-1934.; 74.

145.
uit elke 30,00⁰ vroulike lede van hierdie gemeenskap wat verder was as die primêre stadium. (1)

7. Privaat Inrigtings ^{ings} ~~ings~~ wat onderwys verskaf het.

Die volgende tabel gee die aantal nie-erkende inrigtings en die inskrywing vir die jare 1917, 1922 en 1927.

Tabel 46.
Privaat Inrigtings en inskrywing, 1917, 1922 en 1927. (Indië)

	1917	1922	1927.
Skole	37,803	34,807	35,216
Leerlinge	644,638	639,125	628,146.
	(2)	(3)	

Die volgende inrigtings het aan sendinggenootskappe behoor. Die syfers vir 1922 is vir meisies alleen:

Tabel 47.

Skole onder Sendinggenootskappe 1922, 1932. (Indië)

	1922	1932
Skole	1,644	15,098
Leerlinge	131,387	994,209
	(4)	(5)

Die meeste privaat skole was godsdiens-skole. Die meerderheid van hierdie skole was laergraad skole, waarvan baie nie eers lees en skryf onderrig het nie.

8. Pogings om Geletterdheid met verpligte skoolbesoek te verhoog.

Tenspyte van die vermeerdering van die skole het die stryd teen ongeletterdheid nie merkbaar gevorder nie. Die gemiddelde laerskoolleertyd was in 1917, 3.8 jaar en in 1921, 4 jaar. (6) In 1921 was 72 uit elke 1000 geletterd (122 vir manlikes en 18 vir vroulikes). (7)

-
- (1) Report: Calcutta University Commission. Volume I; 218-220.
 - (2) India: Progress of Education in India. 1917-1922. Volume I; 227-229.
 - (3) India: Progress of Education in India. 1922-1927. Volume I. 271.
 - (4) India: Progress of Education in India. 1917-1922. Volume I; 129.
 - (5) India: Progress of Education in India. 1927-1932. Volume II; 229.
 - (6) Indian Statutory Commission: Review of growth of Education in British India. 47.
 - (7) India: Progress of Education in India 1917-1922. Volume I; 19.

Die kort skoolleef tyd was nie alleen verantwoordelik vir die klein persentasie geletterdes nie. Onreëlmatige bywoning, vroeë skoolverlating en ondoeltreffende onderwys was ander belangrike faktore. Uit 38 miljoen kinders van skoolgaande ouderdom was net 8 miljoen in 1922 op skool.⁽¹⁾ Uit 'n totaal van 7,594,000 leerlinge was 4,898,000 in die grade. 88.9% van al die leerlinge in laerskole was in die laagste klasse.

In 1927 was daar uit 'n totaal van 8.8 miljoen leerlinge in die eerste vier klasse, 2.2 miljoen wat tussen 10 en 20 jaar oud was. 38,000 was selfs ouer as 20 jaar.⁽³⁾ Dieselfde verskynsel is geopenbaar in 1932⁽⁴⁾ en in 1936.⁽⁵⁾

Om hierdie toestand die hoof te bied is reeds in 1910 aan verpligte onderwys gedink. Die verskillende provinsies het dan ook tussen 1920 en 1930 verskillende wette gepasseer wat verpligte onderwys in sekere areas moontlik gemaak het.⁽⁶⁾ Die gewone ouderdomsgrense was 6-10 jaar.

In 1935 was die volgende areas in verskillende provinsies onder verpligte onderwys: Madras: 27 stedelike -, 6 plattelandse gebiede en 104 dorpie; Bombaai: 10 stedelike - 2 plattelandse gebiede en 150 dorpie; Bengale: 2 stedelike gebiede.⁽⁷⁾

In 1933 is erken dat die resultate van hierdie eksperimente in die meeste gevalle teleurstellend was.⁽⁸⁾

9. Die saam-skoolgaan van Blank en Indiër.

Die blanke skoolkode het die maksimum nie-blankes wat toelaatbaar was in blanke skole op 15% van die inskrywing vasgestel. 'n Skool met 'n groter persentasie nie-blankes op die rol het opgehou om as 'n blanke skool geklassifiseer te word. In Bombaai is die persentasie

- (1) Mayhew: The Education in India: 228.
- (2) India: Progress of Education in India. 1917-1922; Volume I; 119.
- (3) India: Progress of Education in India. 1922-1927. Volume I; 123.
- (4) India: Education in India in 1934-1935; 46.
- (5) India: Education in India in 1935-1936; 38.
- (6) India: Progress of Education in India. 1917-1922; 106-107.
- (7) India: Education in India in 1932-1933; 39.
- (8) t.a.p.; 40.

147.

verhoog tot 20% en in 'n paar uitsonderlike gevalle tot 33%. Die doel was om aan die kinders van die ryker Indiërs toegang te verleen.

Die beleid van die owerheid is in 1922 soos volg opgesom: "The attempt to subdivide our educational system into two subsections - Indian and European - based on purely racial distinctions, has largely broken down; there is a steadily increasing pressure for the admission of non-Europeans which many think it desirable to encourage, regarding habits of life rather than difference of race as the proper basis of organisation."⁽¹⁾

Omdat die persentasie Indiërs wat in blanke skole toegelaatbaar was, verhoog en in sommige gevalle verwyder is, het die aantal Indiërs in blanke skole vanaf 1922 tot 1927 met 98.4% vermeerder. ⁽²⁾ In 1936 was ~~bna~~ 25% van die leerlinge in blanke skole Indiërs. ⁽³⁾

10. Die onderwys van Engels.

Die onderwys van Engels verdien spesiale aandag omdat onderwysers wat uit Indië na Suid-Afrika gekom het, verplig is om hier Engels as voertaal te gebruik. Ook die minderjarige kinders wat in hierdie periode ingevoer is, ontvang hier deur Engels-medium onderwys.

In 1917 het uit 'n totaal van 5,818,730 leerlinge net 92,584 Engels geleer. ⁽⁴⁾ Die stadium waarop Engels ingevoer is, het verskil in die verskillende provinsies. In Oostelike Bengale was dit aan die begin van die derde jaar, in Madras aan die begin van die 4e jaar, in Westelike Bengale aan die begin van die 5e jaar en in Bombaai aan die begin van die 6e jaar. ⁽⁵⁾

Weens hulle gebrekkige kennis van Engels kon baie studente die Engelse lesings nie met vrug volg nie. ⁽⁶⁾

(1) India: Progress of Education in India. 1917-1922. Volume I; 196-197.

(2) India: P. of E. in India; 1922-1927. Volume I; 225-226

(3) India: Education in India in 1935-1936; 75.

(4) India: Progress of Education in India. 1912-1917. Volume I. 117.

(5) India: Progress of Education in India. 1917-1922. Volume I; 93.

(6) Faucett: The teaching of English in the far East. 25-27.

In 1921 was daar ongeveer een-tiende van die geletterde bevolking van Indië, in Engels geletterd.⁽¹⁾

Daar is verskillende metodes by die onderwys van Engels aangewend, maar die onopgeleide onderwysers kon die metodes nie met sukses toepas nie. By die onderwys van Engels⁽²⁾ uitspraak is gevind dat die Graigie-stelsel uitstekend werk.⁽²⁾ M. West het na 'n reeks eksperimente 'n serie leesboeke wetenskaplik saamgestel, en daarmee goeie resultate bereik.⁽³⁾ Hy reken ook dat as die leerlinge hulle moedertaal beter ken, hulle Engels baie makliker sal leer.⁽⁴⁾

11. Samevatting.

In die oorsig van hierdie periode in die onderwys van Indië het dit geblyk dat op verskillende gebiede heelwat vordering gemaak is. Verskillende pogings is van owerheidsweë aangewend om geletterdheid te verhoog. Eksperimente is uitgevoer met metodes van onderwys⁽⁵⁾ en verpligte onderwys, die persentasie opgeleide onderwysers is verhoog, die aantal meisies wat skool besoek het, het toegeneem en selfs die groepe wat spesiale aandag vereis, is nie oor die hoof gesien nie.

Aan die ander kant is daar in werklikheid nie veel bereik nie. Miljoene kinders van skoolgaande ouderdom het nog buite die onderwysstelsel gestaan, geletterdheid is nog nie aanmerklik verhoog nie, die kwalifikasies van onderwysers is nog besonder laag en faktore soos vertraging en uitsakking was nog heeltemal buite beheer.

Die stryd teen ongeletterdheid het dus nog byna geen vordering gemaak nie.

- (1) Faucett: The Teaching of English in the far East; 9.
- (2) t.a.p.; 74-58.
- (3) West: Bilingualism.
- (4) West: Language in Education.
- (5) India: Bureau of Education: Some experiments in Indian Education. Vgl. ook, Dippie: Experiments in Primary Education in die Orissa Feudatory States.

12. Opmerkings.

As ons uit die voorafgaande moet vasstel watter soort onderwys die immigrante wat in hierdie periode na Suid-Afrika gekom het in Indië ontvang het, sou ons die volgende kan bepaal:-

(a) Vroëns wat na Suid-Afrika gekom het.

Dit is te betwyfel of enige van hulle in staat was om Engels te verstaan of in Engels geletterd was. Behalwe die huislike opvoeding en die kerkskole het sommige moontlik die modertaalskole besoek, veral die laergraad moedertaalskole.

(b) Middeljarige kinders.

Hierdie kinders was onder 16 jaar en die meeste van hulle het in Indië onderwys ontvang. In 1930 het die grootste Indiërskool in Transvaal 30 van hierdie leerlinge in 'n Standaard III-klas gehad waar spesiale aandag aan Engels gegee is. Dit toon dat hierdie leerlinge 'n paar standers in Indië deurgekom het, maar dat hulle kennis van Engels swak was.

Hierdie kinders het seker behalwe 'n huislike opvoeding, die opvoeding van die kerkskole ook, die opvoeding wat die erkende moedertaalskole kon aanbied, saam met hulle gebring. Sommiges het ongetwyfeld ook laerskole besoek waar Engels onderrig is.

As ons die hoë gemiddelde ouderdom van die leerlinge in Indië in aanmerking neem, het seker niemand van hulle verder as die laerskool in Indië gevorder nie. Die Laerskole in Indië, met hulle vyf klasse staan ook heelwat laer as die laerskole in Natal en Transvaal.

(c) Onderwysers en Priesters.

Die priesters is opgelei in die kerkskole in Indië, en die beste kwalifikasie was 'n kennis van die Indiërtaal wat pas by die godsdiens van die betrokke gemeenskap. Alhoewel die priester altyd as onderwyser in die kerkskool opgetree het, het hy geen onderwysersopleiding van watter aard ookal, ontvang nie.

Daar is ook gewoonlik niemand wat sy werklike bekwaamhede soos weerspieël in sy onderwyswerk, kan beoordeel nie.

Die onderwysers wat ingevoer is, was gewoonlik ook nie opgelei nie, of hulle het die minderwaardige opleiding ontvang wat die meeste laerskoolonderwysers in Indië ontvang het. Behalwe 'n karige kennis van Engels, die voertaal, kan ons dus aanneem dat die meeste skaars instaat was om lees, skryf en rekene te onderwys en dan ook sonder die aanwending van moderne metodes.

Daar het ook gegradueerdes uit Indië in Suid-Afrika onderwys gegee, maar as laer- en middelbare onderwys in Indië benede die standaard is waaraan ons in Suid-Afrika gewoon is, dan is dit redelik om aan te neem dat ook die universitêre standarde laag is.

--ooo000ooo--